

Algemene skoolreëls

1. Reëls van die skool

- Geen leerling word voor skool of gedurende pouse in die klasse of op die stoepe toegelaat nie. (slegs as dit reën)
- Leerlinge mag tydens skoolure nie die skoolterrein sonder toestemming van die skoolhoof of adjunk-hoof verlaat nie.
- Leerlinge wat verlof het om die terrein te verlaat moet die uittekenboek in die kantoor teken en moet persoonlik deur hulle ouers afgehaal word.
- Leerlinge mag nie persoonlik hulle ouers vanaf die skool skakel nie, moet deur die kantoor gereël word.
- Leerlinge mag nie met algemene assistente kommunikeer en hulle steur in hulle daaglikse werk nie.
- Leerlinge mag nie in bome klim nie.
- Geen leerling mag vir personeel by motorparkering wag nie.
- GEEN speelgoed en troeteldiere mag skool toe gebring word nie.
- Daar mag nie op die stoepe gespeel of gehardloop word nie.

2. Reëls gedurende klaswisseling

- Nadat die klok gelui het moet leerlinge stiptelik en ordelik aantree in klasverband.
- Leerlinge beweeg saam met onderwyser/es na klas.
- Dogters tree voor die deur en die seuns aan die regterkant van die stoep in twee enkel rye aan.
- Gedurende wisseling beweeg leerlinge in enkel rye aan die linkerkant van die stoep.
- Daar mag nie gedurende klaswisseling gesels word nie.
- Daar mag nie iets geëet of gedrink word tydens klaswisseling nie.
- Tasse met wietjies mag nie getrek of gestoot word nie, dit word gedra.
- Hou LINKSREËL by trappe.

3. Reëls tydens pouse

- Geen gevaarlike speletjies word toegelaat nie.
- Daar mag nie met klippe of ander gevaarlike voorwerpe gegooi word nie.
- Slegs die graad 1 en 2 leerlinge mag op die klim-en-klouter apparaat speel.
- Seuns speel op die rugby veld.
- Dogters speel op die netbal velde.
- Slegs die graad 3 leerlinge speel op die klein netbal velde.
- Geen leerlinge mag in die gras vierkant speel nie.
- Met die luidklok beweeg leerlinge ordelik na hulle onderskeie klaskamers. (mag nie hardloop nie)
- Leerlinge mag nie nadat die klok gelui het die kleedkamers besoek nie.
- Geen leerling mag die skoolterrein gedurende pouse verlaat sonder die nodige toestemming nie.

4. Reëls in die kleedkamers

- Geen spelery word toegelaat in die kleedkamers nie.
- Maak seker dat die toilet netjies en skoon agtergelaat word.
- Werk spaarsaam met die water en sorg dat die krane goed toegedraai is.
- Gebruik die handdoeke om nat hande mee af te droog en nie om vuil hande skoon te vee nie.
- Geen versierings of toilet voorraad mag uit die kleedkamers geneem word nie.
- Gebruik toiletpapier spaarsamig. (Mag nie teen mure en dak gegooi word nie)
- Geen kos mag in die kleedkamers ingeneem word nie.
- Daar mag nie geskree of gefluit word in kleedkamers nie.

5. Tasse

- Geen seil sakke nie, slegs versterkte tasse word toegelaat.
- Tasse moet van buite skoon gehou word, geen gekrap op tasse nie.
- Geen tas mag voor die klas buite op die stoep gelaat word nie en moet gedurende pouse in klasse toegesluit wees.
- Om veiligheidsredes mag geen tas op stoepe, trappe of elders op die terrein gelaat word nie.
- Met die aantree voor skool moet tasse in reguit rye in klasverband gesit word.
- Tasse moet tydens klas onder stoel of tafel wees.

6. Fietse

- Alle fietse moet in die fietsloods gebêre word en gesluit wees met 'n slot en ketting.
- Daar mag nie op 'n fiets in die skoolterrein gery word nie.
- Leerlinge mag nie in die fietsloods speel en met ander fietse peuter nie.
- Fietse mag nie op stoepe of trappe wees nie.

STAPPE TEEN LEERLINGE WAT HUL SKULDIG MAAK AAN ERNSTIGE WANGEDRAG

Slegs die skoolhoof mag dissiplinêre stappe teen 'n leerling ten opsigte van ernstige wangedrag instel. Skorsing moet slegs oorweeg word nadat alle pogings aangewend is om die gedrag van die leerder te verbeter.

Oortredings wat tot skorsing mag lei:

- Gedrag wat die veiligheid van ander in gevaar stel en hulle regte skend.
- Die besit, dreigement of gebruik van gevaarlike wapen.
- Die besit, gebruik, oorhandiging of sigbare bewys van dwelmmiddels of ongemagtigde middels, alkohol of bedwelmende middels van enige aard.
- In gevegte, aanrandings of mishandelings betrokke is.
- Immorele gedrag of godslastering.
- Die valse identifisering van sigself.
- Skadelike graffiti, haattaal, seksisme en rassisme.
- Diefstal of die besit van gesteelde eiendom.
- Onwettige optrede, vandalisme of die vernietiging of ontsiering van skool eiendom.
- Oneerbiedigheid, afkeurendwaardige gedrag en beledigende taal wat teen opvoeders of ander werknemers van die skool of teen leerders gerig is.
- Herhaalde skending van skoolreëls of die gedragskode.
- Kriminele en onderdrukkende gedrag soos intimidering van ander leerders.
- Die oortreding van eksamenreëls.

SKOOLDRAG EN ALGEMENE NETHEID

Deur ons leerlinge te klee in die skool se amptelike skooldrag verleen ons aan die skool 'n voorkoms waarop u as ouer, u kind en die gemeenskap met reg trots kan wees. Alle tekens van gebrek of weelde word uitgewis en 'n sterk samehorigheidsgevoel, wat die grondslag lê vir gesonde skoolgees word bevorder.

SEUNS

1. SOMERSDRAG ;

- **Grys kortbroek**
- **Ligblou skoolhemp**
- **Skoolkouse**
- **Swart skoene (of kaalvoet)**

2. WINTERSDRAG ;

- **Grys langbroek**
- **Ligblou skoolhemp**
- **Skooltrui**
- **Skoolkouse**
- **Skoolwindjakkie**
- **Skoolsweetpak volledig met TOTIUS T - hemp met tekkies**
- **Swart skoene**

3. SPORTDRAG ;

- **Swart of wit kortbroek**
- **TOTIUS se T- hemp**
- **Tekkies met skool - of wit kortkouse**
- **Skoolsweetpak**

4. NETHEID EN VOORKOMS ;

- **Die hare moet ten alle tye netjies gesny wees en mag nie oor die hemp se kraag steek nie.**
- **Die kuif mag nie oor die oogbanklyn hang nie.**
- **Die hare mag nie oor die ore steek nie.**
- **Mag 'n matige " STEP " hê.**
- **Geen gekleurde hare is toelaatbaar nie.**
- **Oorbelle word nie toegelaat nie (tong en oog ringe ook)**
- **Slegs mediese hangertjies word toegelaat.**

DOGTERS

1. SOMERSDRAG ;

- **Skoolrok**
- **Skooltrui**
- **Donkerblou of wit kortkouse**
- **Swart skoene**

2. WINTERSDRAG ;

- **Donkerblou langbroek**
- **Ligblou bloes**
- **Skooltrui**
- **Skoolsweetpak volledig met TOTIUS T – hemp met tekkies**
- **Skoolkouse**
- **Skoolwindjakkie**
- **Swart skoene**

3. SPORTDRAG ;

- **Skoolsweetpak**
- **TOTIUS se T – hemp**
- **Tekkies met wit kortkouse**

4. NETHEID EN VOORKOMS ;

- **Hare met 'n kort kapsel mag nie langer as die omslag van die rok se kraag wees nie.**
- **Los hare moet uit die gesig weggesteek word.**
- **Kuif mag nie die wenkbroue bedek nie, anders moet dit sywaarts gekam en vasgesteek word.**
- **Lang hare moet met effekleurige blou, wit of rooi lint of rekkie vasgemaak word.**
- **Slegs klein eenvoudige silwer, goue of haarkleurknippies word toegelaat.**
- **Een poniestert agter of twee, een aan elke kant van die kop is toelaatbaar.**
- **Geen ander haarversierings is toelaatbaar nie.**
- **Geen gekleurde hare word toegelaat nie. (valse hare ook nie)**
- **Oorkrabbertjies en knopies – (slegs silwer en gouekleurige) een aan elke oor.**
- **Geen grimering word toegelaat nie.**
- **Geen naellak is toelaatbaar nie.**